higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 3

(2020023)

10 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel moet in kleur gedruk word sodat die grafika duidelik sigbaar is vir die kandidate om dit behoorlik te kan ontleed.

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

394Q1S2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Punte sal nie vir eenwoordantwoorde toegeken word nie, tensy dit spesifiek in die vraag vereis word.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan 'n vraag bestee moet word.

6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

7. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die herwindrom word gebruik as 'n houer vir ongewenste lêer en vouers.

1.2 Verpakking speel 'n belangrike rol in die bemarkingsproses.

1.3 Silindriese perspektief is 'n fotografietegniek wat deur die gebruik van 'n optiese skuiflens verkry kan word.

1.4 Gelykmaking ('flatten') is die saamvoeging van al die lae tot een plat beeld.

1.5 'n Projekbestuurder maak deel van die multimediaspan uit.

1.6 Telefoonnommers op 'n besigheidskaartjie word gewoonlik met spasies tussen die syfers gedruk.

1.7 Die teks op etikette moet so klein wees dat dit nie te veel plek op die etiket inneem nie.

1.8 Dit is beter om 'n groot lêer as kleiner lêers per e-pos aan 'n kliënt te stuur.

1.9 TRP-programme ('DTP') kan kleure van een kleurmodus na 'n ander omsit.

1.10 Polistireen is 'n voorbeeld van 'n herwinbare verpakkingsmateriaal.

1.11 Verpakkingsbehoeftes moet die fisiese produk beskerm.

1.12 'n Modem is 'n draagbare toestel wat in samehang met 'n rekenaar data kan uitruil.

1.13 Die grootte van 'n pamflet is A6.

1.14 Die hoë plasing van die kamera om op die onderwerp of persoon af te kyk, sal veroorsaak dat die persoon/voorwerp klein lyk.

1.15 'n Geheuekaart is 'n verwyderbare bergingstoestel.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 … is 'n tekentegniek wat parallelle lyne gebruik wat mekaar teen 'n hoek kruis om tekstuur, volume en tonale waarde te skep.

A Arsering
B Pointillisme
C Kruis-arsering
D Vermenging

2.2 Adobe Photoshop lêer-ekstensie:

A .psd
B .indd
C .Mp3
D .tiff

2.3 Die beste lettertipe om op sertifikate te gebruik is ...

A skrif.
B vertoon.
C ornamenteel.
D sans serif.

2.4 … was een van die grootste en mees invloedryke kunstenaars en medeskepper van die Kubistiese kunsbewegingstyl.

A Pablo Picasso
B Leonardo Da Vinci
C Michelangelo
D Andy Warhol

2.5 Die ... is 'n belangrike dokument wat aan maatskappye se aandeelhouers, beleggers en finansiële ontleders gestuur word.

A koerant
B brosjure
C plakkaat
D jaarverslag

Kopiereg voorbehou

2.6 Papiergrootte verwys na die drukgrootte van die finale uitleg.

Watter van die volgende is die grootte van 'n A4-bladsy?

A 297 mm × 211 mm
B 210 mm × 148 mm
C 297 mm × 210 cm
D 297 mm × 210 mm

2.7 'n Fotograaf kan ... gebruik om te verhoed dat die kamera skud.

A 'n stoel
B 'n driepoot
C hande
D 'n boom

2.8 Klanklêer-ekstensie:

A .docx
B .pdf
C .Mp3
D .tiff

2.9 Die Egitenare het begin om met ink op … te skryf.

A papier
B perkament
C papirus
D koerantpapier

2.10 Selfone, rekenaarspeletjies, webwerwe, CD's en DVD's is almal ... media.

A nie-interaktiewe
B gedrukte
C interaktiewe
D gemengde-medium

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–R) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Rondblaai	A	hy het in 1826 die eerste permanente foto geneem
3.2	Vryskut	B	hoe hoog of laag 'n toon is
3.3	Slab serif	C	moet 'n duidelike boodskap oor jou talente en vermoëns oordra
3.4	Pantone	D	'n kulturele beweging téén die oorlog wat tydens die Eerste Wêreldoorlog in Zürich ontstaan het
3.5	Dadaism	E	enigiets wat kontaminasie van 'n produk/vloeistof/voedsel voorkom
3.6	Geografiese segmentering	F	draagbaredokumentformaat ('portable document format')
3.7	Joseph Nicephore Niepce	G	'n prent wat geskep word deur 'n koperplaat met suur te sny en dit dan te druk
3.8	Akwatint	H	plakkate word feitlik altyd in hierdie stel standaardkleure, wat elk sy eie nommer het, gedruk
3.9	Perkament	I	'n sagtewareprogram wat gebruik word om 2D-animasie van hoogstaande gehalte te ontwerp
3.10	PDF	K	om met kolletjies of kort hale te teken, graveer of verf
		L	om deur 'n verskeidenheid goed te soek om iets spesifieks te kry
		M	die klank van 'n gefluit, 'n gehoes of 'n glas wat breek
		N	skryfmateriaal wat van diervel gemaak word
		O	wanneer mense hul werk of dienste aan verskeie organisasies verkoop, eerder as om by een organisasie in diens te wees
		P	215 mm × 279 mm
		Q	inligting oor die verbruiker-/teikenmark, byvoorbeeld waar hulle werk en bly
		R	'n lettertipe met dik, blokagtige serifs aan die einde van die hale

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde uit die lys hier onder in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

Adobe Flash; fisiese; lensopening; 'Ou Kuns'; plastiek; animasie; wisselwerking; A4; makrofotografie; weglating; SAB; mikrofotografie; polistireen; camera obscura; RGB; SABS; LKT; visueel; CMYK; skuifbaar; sluiter; landskap; dwarsvorm; regopvorm; Microsoft Word; A5; ActionScript; uitstalling; 'Nuwe Kuns'

4.1 Die Art Nouveau-beweging is 'n Franse frase wat ... beteken.

4.2 … is wanneer twee of meer fatsoene oorvleuel en een fatsoen uit die ander fatsoen omgekeer of uitgewis word.

4.3 Die algemene groote van 'n nuusbrief is ...

4.4 In 1969, is die … deur George E. Smith en Willard Boyle ontwerp.

4.5 … tikskrif ('type') is in 1042 in China ontwerp.

4.6 Die F-stop of f-getalwaarde is die grootte van die …

4.7 … is fotografie van klein voorwerpe.

4.8 Kleefplastiek word van ... gemaak en word gebruik om kommersiële produkte te beskerm.

4.9 Die kode wat 'n mens in Flash gebruik word ... genoem.

4.10 ... tekstuur verwys na die tipe medium wat gebruik word, soos papier.

4.11 Die ... is 'n organisasie wat standaarde vir die gehalte van produkte bepaal.

4.12 Indien jy foto's voorberei wat gedruk moet word, moet jy in 'n ... kleurmodus werk.

4.13 … word dikwels gebruik om 2D-animasie van hoë gehalte te ontwerp.

4.14 Wanneer papier horisontaal geplaas word, word dit ... genoem.

4.15 ... is 'n versameling beelde wat op 'n spesifieke manier gerangskik is om die illusie van beweging te skep.

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Kyk na die manier waarop die volgende name met kreatiewe tipografie geïllustreer is:




Teken 4 blokke van 7 × 5 cm en ontwerp jou eie naam op VIER verskillende unieke maniere deur uit die lys lettertipes hier onder te kies.

Die tipografiestyl en jou naam moet herkenbaar wees:

- Blackletter
- Sans serif
- Modern
- Slab Serif
- Script
- Dekoratief (5 × 2) (10)

5.2 Kyk na die drukkers hier onder:



PLANOLITOGRAFIEDRUKKER **INDIGO DIGITALE DRUKKER**

Verduidelik die ooreenkomste en verskille tussen hierdie drukkers. (4 × 2) (8)

5.3 Verduidelik die volgende tipografie-verwante terme:

5.3.1 Serif


5.3.2 Valkop ('drop cap')

5.3.3 Lettertipe ('typeface')

5.3.4 Letterspasiëring ('erking')

(4 × 2) (8)

5.4 Bestudeer die filmplakkaat hier onder:



TSOTSI

2005 Oscarwenner
Geregisseer deur Gavin Hood en geproduseer deur Peter Fudakowski

Om 'n goeie film of multimediaprojek te produseer moet 'n mens al die elemente van multimedia insluit.

Noem en bespreek die elemente van multimedia. (5 × 2) (10)

5.5 Verduidelik kortliks die verskil tussen *laser-* en *stempelsnywerk* ('die cut'). (2)

5.6 Kyk na die interessante verpakkingsontwerp hier onder.




[Wool runners deur Allbirds]

5.6.1 Identifiseer die materiaal wat gebruik is om die bostaande verpakking te skep. (2)

5.6.2 Dink jy dat die verpakking wat in VRAAG 5.6.1 aangebied word geskik is vir die produk? Gee TWEE redes om jou antwoord te motiveer. (5)

5.7 Identifiseer die genommerde dele in die beeld hier onder wat in Adobe InDesign en Adobe Illustrator se programkoppelvlak voorkom en gee die funksie van elk.



(3 × 2) (6)

5.8 Identifiseer en beskryf DRIE komposisietegnieke wat in fotografie gebruik word. (3 × 2) (6)

5.9 Bestudeer die voorbeelde hier onder. In elk van die logo's is daar positiewe en negatiewe fatsoene.



Kies uit die lys hier onder om VIER verskillende logo's te skep wat hoofsaaklik negatiewe en positiewe ruimtes behels. Teken VIER vierkante van 5 cm × 5 cm in die ANTWOORDBOEK. Gebruik 'n pen of potlood.


- Katkos
- Tandarts
- Boumaatskappy
- Voorskool
- Elektrisiën
- Sushi-restaurant
- Speelgoedwinkel

(16)
[73]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik wat interne en eksterne geheuetoestelle is, en ook hoe die twee verskil.
(Jy mag voorbeelde in jou antwoord gebruik) (2 × 3) (6)

6.2 Die beeld hier onder is van die argitek, Louis Sullivan, wat met die beginsel '***vorm volg funksie***' ('form follows function') vorendag gekom het. Verduidelik hierdie beginsel.



(4)

6.3 Verduidelik wat 'n e-*poshandtekening* is en waarvoor dit gebruik word. (4)

6.4 As ontwerper is dit baie belangrik om jouself en jou idees aan jou kliënte voor te hou.




Bespreek VYF algemene riglyne wat 'n mens sal gebruik wanneer jy 'n aanbieding beplan en skep. (5 × 2) (10)

6.5 Verduidelik die verskil tussen *stertletterlyn* ('descender line') en *stertletter* ('descender') in tipografie. (Jy mag voorbeelde in jou antwoord gebruik.)
(2 × 2) (4)

6.6 Verduidelik die term *klankeffekte* in jou eie woorde. (2)

6.7 Kyk na die interessante ontwerp hier onder en beantwoord die vraag.



***myType* (draadlose Bluetooth-sleutelbord)**

'n Ultradun, liggewig, opvoubare sleutelbord wat draadloos met jou iPhone, iPad en Android-toestelle sal afpaar.

Die *myType* is ontwerp vir mense wat permanent moet werk terwyl hulle aan die gang is. Sleutels is vir raaktikwerk ontwerp en gespasieer, anders as die meeste ander draagbare sleutelborde. Die battery kan 'n week hou en kan met 'n USB-kabel/-laaier gelaai word.

Die *myType*-sleutelbord is funksioneel soortgelyk aan die meeste lessenaar- en skootrekenaarsleutelborde. Die sleutelbord, wat lig, dun en buigsaam is kan maklik in jou sak of handsak pas. Dit gebruik draadlose Bluetooth-tegnologie.

Die *myType* is van buigsame, waterdigte silikonmateriaal gemaak. Die silikon is duursaam en kan laat val word met min kans dat dit sal beskadig.

Die *myType* is dalk 'n bietjie duur vir algemene verbruikers, want die beginprys is R2 799,00. Dit is in vyf kleure beskikbaar: Kickstarter-groen, swart, wit, blou en pienk.



Evalueer die myType volgens die F.A.C.E.-metode. method. (4 × 2) (8)

6.8 Bestudeer die plakkaat hier onder en beantwoord die vraag.



Identifiseer TWEE beginsels en DRIE elemente van kuns en ontwerp in die bostaande afbeelding en motiveer jou antwoord. (5 × 2) (10)

6.9 Verskillende tekenstyle kan verskillende stemmings en idees oordra deur verskillende materiale en tekentegnieke aan te wend.



Maak 'n illustrasie van jouself deur TWEE van die tekenstyle uit die lys hier onder te gebruik:

- Emoji
- As 'n logo
- As 'n superheld-strokiesprentkarakter
- As 'n strokiesprentkarakter vir 'n animasiefilm
- 'n Realistiese tekening van jouself


Gebruik enige tipe pen of potlood (die tekeninge moet in die ANTWOORDBOEK geteken word, en moet 10 × 10 cm groot wees). (15)

6.10 Identifiseer die bergingstoestelle hier onder en verduidelik die gebruik van elk.

6.10.1



6.10.2



(2 × 3) (6)

6.11 Identifiseer die volgende kamerahoeke en motiveer jou antwoord.

6.11.1



6.11.2



6.11.3



6.11.4



(4 × 2) (8)

[77]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou